# Eldo In Klank
## VAKKEUSE-REEKS

## Episode 1: Maak 'n kopskuif en vra die regte vrae!

Die beste vakkeuse is selde die vak wat die meeste status dra, die maklikste lyk of deur vriende gekies word. Die regte vakkeuse is die een wat die leerder se sterkpunte benut, belangstelling aanwakker en genoeg toekomstige moontlikhede oop hou om met selfvertroue die volgende fase van sy of haar skoolloopbaan aan te pak.

| **Die vraag is nie...** | **Die vraag is eerder...** |
|---|---|
| Watter vakke is die maklikste? | In watter vakke sal die leerder waarskynlik gemotiveerd genoeg wees om die werk te doen? |
| Watter vak gaan vir my die meeste punte gee? | In watter vak is ek bereid om die nodige tyd, moeite en dissipline te belê om suksesvol te wees? |
| Watter vak kies my vriende? | Watter vakke pas by my unieke talente, persoonlikheid en doelwitte? |
| Wat wil ek eendag word? | Wat weet ons reeds van die leerder wat ons kan help om 'n goeie besluit vir die volgende drie jaar te neem? |
| Watter vak gaan my die meeste geld laat verdien? | Watter vakke sluit aan by die leerder se sterkpunte, belangstellings en moontlike studierigtings? |
| Hoe hou ek elke moontlike deur oop? | Watter deure wil ons verseker nie onnodig toemaak nie? |
| Is ek slim genoeg vir hierdie vak? | Pas die vak by die tipe denke, belangstelling en werksetiek van die leerder? |

## Wie is betrokke by 'n leerder se vakkeuses?

'n Leerder behoort nie die besluit alleen te neem nie. Ouers moet ook nie die besluit vir hul kind neem nie want die leerder gaan uiteindelik vir die volgende drie jaar met hierdie vakke leef, studeer en moet presteer. Die beste vakkeuses word gewoonlik gemaak wanneer die leerder se stem, akademiese prestasie, ouerleiding en professionele advies saam oorweeg word.

## Watter bronne is die beste aanduiders van suksesvolle vakkeuses?

Geen enkele toets, verslag of gesprek kan namens 'n leerder die perfekte vakkeuse maak nie. Die beste besluite word gewoonlik geneem wanneer verskeie bronne van inligting saam oorweeg word.

- **Akademiese Prestasie**
  Die eerste bron van inligting is die leerder se akademiese rekord. Patrone oor tyd is dikwels belangriker as een enkele toets of eksamen. Indien 'n leerder oor verskeie jare konsekwent sterk in sekere vakgebiede presteer, gee dit waardevolle aanduidings van aanleg en gereedheid vir sekere vakke. Die teenoorgestelde is natuurlik ook waar – vakke word progressief meer uitdagend. Indien daar reeds in Graad 9 volgehoue akademiese uitdagings met 'n vak bestaan, behoort die redes daarvoor deeglik ondersoek te word voordat die vak vir die VOO-fase gekies word.

- **Belangstelling**
  Leerders presteer dikwels beter wanneer hulle opreg belangstel in wat hulle leer. Belangstelling alleen waarborg nie sukses nie, maar dit beïnvloed motivering, deursettingsvermoë en betrokkenheid want alle VOO-vakke verg baie werk.

- **Persoonlikheid en Werksetiek**
  Verskillende vakke vra verskillende dinge van leerders. Sommige vakke vereis groot volumes leer- en leeswerk. Ander vereis gereelde oefening, kreatiewe uitdrukking, navorsing of praktiese werk. Kyk mooi na die profiele en inligting wat oor die verskillende vakke gedeel gaan word.

- **Toekomstige Moontlikhede**
  Hoewel min Graad 9-leerders reeds seker is van hul loopbaanrigting, is dit steeds belangrik om bewus te wees van moontlike toelatingsvereistes by verskillende tersiêre instellings. Die doel is nie om elke moontlike deur oop te hou nie maar om te voorkom dat belangrike deure onnodig toegemaak word voordat die leerder gereed is om daardie besluit te neem.

## Tegniese punte om te oorweeg

- **Vakpakkete:**
  Daar is vier verpligte vakke wat almal moet neem:
    - Afrikaans Huistaal.
    - Lewensoriëntering.
    - Daar word gekies tussen Wiskunde / Tegniese Wiskunde / Wiskundige Geletterdheid. Tegniese Wiskunde is slegs 'n opsie as deel van die tegniese vakpakket.
    - Daar word gekies tussen Engels Eerste Addisionele Taal of Huistaal.

  Daar word dan drie keusevakke gekies. 'n Leerder kan in Januarie van 2027 aansoek doen om 'n agtste te neem.

- **Onthou vaste vakkombinasies en vakpakket-aanbevelings**
    - Om Fisiese Wetenskappe te neem, moet 'n leerder Wiskunde kies.
    - Tegniese Wiskunde en Tegniese Wetenskappe kan saam geneem word. Neem kennis: Tegniese Wetenskap en Wiskunde kan ook saam geneem word, maar Fisiese Wetenskap en Tegniese Wiskunde kan nie saam geneem word nie.
    - Elektronika word saam met Wiskunde of Tegniese Wiskunde geneem en vorm deel van 'n pakket wat ook Ingenieursgrafika en Ontwerp en Fisiese Wetenskappe of Tegniese Wetenskappe insluit.
    - Wiskunde is nie 'n vereiste nie, maar word sterk aanbeveel vir Ekonomie en Inligtingstegnologie.

- **'n Agtste vak kan net aan die begin van Graad 10 geneem word, maar kan baie voordelig vir leerders wees.**
  Die akademiese gemiddeld word bereken op grond van die vier verpligte vakke plus die beste drie keusevakke. 'n Agtste vak bied dus nie net addisionele blootstelling en vaardighede nie, maar kan in sommige gevalle ook 'n buffer bied indien prestasie in een van die ander keusevakke swakker is.

- **Verstaan die verskil tussen minimum vereistes en mededingende toelating.**
  Tersiêre instellings publiseer die minimum APS (Toelatingspuntetelling) en vakvereistes vir toelating. Dit gee 'n leerder die reg om aansoek te doen, en beteken nie noodwendig dat 'n leerder toelating gaan ontvang nie. Die vraag is nie "*Kan ek kwalifiseer?*" nie, maar eerder "*Sal my prestasie in die vak mededingend genoeg wees?*".

Onthou, die APS gee 'n aanduiding van akademiese prestasie en word deur universiteite gebruik om aansoeke te vergelyk MAAR universiteite kyk meer na:

- Verpligte vakke vir kursusse
- Prestasie in spesifieke vakke – hoe minder plekke vir toelating, hoe ho
- Holistiese betrokkenheid van 'n leerder
- Nasionale maatstawwe

- **Vakkeuses gaan oor die volgende drie jaar, nie net die volgende drie maande nie.**
  Baie Graad 9-leerders kies vanuit hul ervaring van huidige vriendegroepe, huidige onderwysers en punte in Kwartaal 3 van Graad 9. Die besluit moet eintlik vir die volgende drie jaar volhoubaar wees.
- **Beperkte vakveranderinge word in die VOO-fase toegelaat.**
  Leerders mag twee vakke in Graad 10 teen 30 Junie verander, en twee vakke in Graad 11 teen 30 Maart. Vakveranderinge kan ontwrigtend wees en verg dikwels baie ekstra werk om agterstallige inhoud en assesserings in te haal. Neem daarom tyd om die vakkeuseboekie deur te werk, luister na die podcast-reeks en gesels met onderwysers voordat 'n finale besluit geneem word. 'n Ingeligte besluit vandag kan baie onsekerheid en spanning later voorkom.

- **Die tipe instelling waar tersiere studies gedoen gaan word, voeg ekstra oorwegings by.**
  Hoe meer gesog die kursus en instelling, hoe hoer is die vereistes wat gestel word. Daar word toenemend gekyk na 'n leerder se gebalanseerde profiel. Vakkeuses moet dus uitdagend wees, maar steeds ruimte laat vir deelname aan sport, kultuur, en leerderaktiwiteite.

- **Watter akademiese las kan die individu in die langtermyn dra?**
  Elke vakpakket bring unieke uitdagings mee. Sommige vakke vereis uitgebreide praktiese werk en PAT-take wat baie ure se voorbereiding en uitvoering verg. Daar is ook vakke wat groot volumes lees-, leer- en navorsingswerk vereis. Die doel van vakkeuses is nie om die maklikste vakpakket saam te stel of uitdagende vakke te vermy nie. Inteendeel, leerders behoort vakke te kies wat hulle op 'n gesonde manier uitdaag om te groei en hul potensiaal te ontwikkel. Dit is egter net so belangrik om realisties te wees oor die totale werkslading en die vaardighede wat die vakpakket vereis. Dit help byvoorbeeld nie 'n leerder kies Wiskunde en Fisiese Wetenskap indien hy of sy reeds sukkel om die vereiste vlak van Wiskunde te bemeester nie. Uit ervaring los leerders later dalk Fisiese Wetenskap, maar die verlies aan 'n goeie wiskunde-basis en selfvertroue kan moeilik wees om in te haal. Kyk mooi na vereiste vakke wat vir toelating by tersiêre instansies nodig is.

## Vir meer inligting:

| Akademiese Hoof: | Beroepsleiding: |
|---|---|
| Me. Rika Davel<br>(davelh@hseldo.co.za) | Mnr. Danie Strydom<br>(strydomd@hseldo.co.za) |

Eldo In Klank

## Episode 1: Voor vakke gekies word....